

25 Desember

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:32-39
Fokusgedeelte: Hebreërs 10:34b

'n Besitting wat beter en blywend is

Soos baie gelowiges in die vroeg-Christelike kerk het dié aan wie die Hebreërbrief geskryf is, dit ook nie al te maklik gehad nie. Hulle omstandighede word getipeer as: stryd, baie lyding, belediging, vervolging, openlike bespotting. Aan die gelowiges in Rome skryf Paulus “dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie” (Rom. 8:18)

Hierdie presiese toekomsverwagting het die gelowiges van Hebreërs 10 gehad. Hulle het die lyding waaronder hulle gebuk gegaan het “met blymoedigheid aanvaar omdat (h)ulle geweet het dat (h)ulle 'n besitting het wat beter en blywend is” (Heb. 10:34). Die lewe in hierdie bedeling is vol swaarkry en tranes – en dit gaan verby, maar die bedeling wat kom, is beter en blywend. Dit is die ware lewe saam met Jesus Christus in die paradys.

Petrus sê dit is 'n “onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis ... wat in die hemele vir ons bewaar is” (1 Pet. 1:4). Met jou dood of met die wederkoms van Jesus is al die swaar wat jy in jou lewe gehad het, vir goed verby. Dit gaan oor in heerlikheid en ongekende vreugde.

Die rede waarom dit só met jou gebeur, is omdat ons Here Jesus met jou kom plekke ruil het. Toe Hy gebore is en God in Hom mens geword het in Bethlehem en onder ons in hierdie gebroke wêreld kom woon het – tóé het Hy met jou kom plekke ruil. Hy wat die enigste ware God is, aan Wie die heerlikheid en die majesteit behoort, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid (Jud: 25), wat 'n ontoeganklike lig bewoon (1 Tim. 6:16), wat van die boesem van die Vader kom (Joh. 1:18) – Hý kom in hierdie verskeurde wêreld in met al die ellende waarin jy vasgevang is as gevolg van jou sonde en Hy kom verlos jou daaruit. Jesus is gebore om vir jou daardie beter en altyddurende besitting te gee: die heerlike ewige lewe.

Sing: Skrifbelyning 2-4:1, 3

Dr. AH Grové (Emeritus)